Sing vooraf staande: Psalm 100:1-4 (p. 494) (Beurtsang)

1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

3 Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 92:3, 6 (p. 466)

3 Hoe groot is, HEER, u werke, / hoe diep gaan u beleid! / Hoe reik u moëndheid
oor alle aardse perke! / Maar dwase sit gevange / en in hul waansin vas;
hul weet nie dat hul ras / sal struikel in hul gange.

6 'n Palmboom hoog en rustig, / 'n seder sterk en skoon / met breë blarekroon –
so groei Gods volk, so lustig. / Hul groei deur Gods genade: / hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is, / in skone lofgewade.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 99:4, 5 (p. 492).

Wet

Psalm 99:4, 5 (p. 492)

4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.

5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Konings-eer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wérk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

Skriflesing: Efesiërs 3

Teks: Efesiërs 3:21

. . . aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen. (Efesiërs 3:21 AFR1953)

Die kruisdood van Jesus Christus het die magtigste genade van God vir elke gemeente moontlik gemaak. Anders gestel: Deur die kruisdood word die bemoeienis van die lewende God ’n praktiese werklikheid in elke kerk en sy lidmate.

Net so was dit met die gemeente van Efese. Ons ken die gemeente nogal baie goed uit die Bybel.

- Daar was sondige verhoudinge by hulle.
- Daar was ’n groot gebrek aan onderlinge liefde – daar was baie wrywing in die gemeente.
- Baie van die gemeentelede was hoogmoedig, en het mekaar nie verdra nie.
- Ligsinnigheid in woord en in wandel was aan die orde van die dag.
- Onreinheid het onder die lidmate voorgekom – so erg dat hul in verskillende opsigte net soos die heidene was (4:2vv).

Ons moet eerlik wees, en dit maar openlik erken:

- So ’n kerk en sy lidmate kan tog sekerlik nie daarop aanspraak maak dat hulle eendag in die hemel sal wees nie, want hulle dra geen beeld van God nie.
- Daar is niks van die heiligheid en geregtigheid van die Here te sien by mense wat so vol kwaad is nie!

Dalk sou ons selfs kon sê dat hulle nie eers ’n ware kerk is nie omdat hulle soveel valsheid beoefen, terwyl hulle aanspraak maak daarop dat hulle lidmate is van die kerk van die lewende God.

Die saak is egter nie so eenvoudig nie.

- Ons lees dat die Here hierdie geweldige sondaars ***heiliges*** noem*.*
- Lees maar vers 1 waar Paulus hulle groet: **Aan die heiliges wat in Efese is!**

Waarom kan sulke onregverdige mense heilig genoem word?

- Omdat die Here Jesus Christus vir hulle gesterf het.
- Omdat elke kerk deur die kruisdood van Jesus Christus toegang verkry het tot die genade van God.
- Daarom werk die Here so teer met die sondige lidmate van die gemeente van Efese – en met ons.

In hoofstuk 1 staan daar al die motivering geskryf.

- God die Vader begenadig ons,
- en die Gees werk in ons.
- Dis die Gees wat aan Christus die krag gegee het om te sterf en weer uit die dood op te staan.

  . . . na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul. (Efesiërs 1:20-23 AFR1953)

Die Heilige Gees het krag en sterkte in die Here Jesus Christus gewerk

. . . toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, . . .

Dieselfde staan in Romeine 8 geskryf dat die Heilige Gees die Here Jesus Christus uit die dood opgewek het en dat daardie selfde Heilige Gees ook in ons woon:

En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. (Romeine 8:11 AFR1953)

Die Bybel openbaar in Efesiërs 1:22 en in 1 Korintiërs 15:24-28 dat alle dinge onder die voete van die Here Jesus Christus gestel is, en Hy is as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee.

En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, (Efesiërs 1:22 AFR1953)

Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees. (1 Korintiërs 15:24-28 AFR1953)

Daarom word die genade in oormaat aan ons bewys.

- Die Verlosser is die Hoof van die Kerk.
- Hy bewys die genade waar ons die godsalige lewenswandel nie gestand doen nie.

Daarom word hierdie brief woord vir woord aan ons gemeente geskryf.

- Ons word hierin vermaan om liefdevol te lewe.
- Om rein te wees in ons lewenswandel.
- Die Heilige Gees beveel ons om in eenheid met mekaar te leef, en nie te twis nie.
- Ons word aangespoor om met heilige blydskap te leef.

’n Ware Christen leef nie net asof elke oomblik swaar is en vol bitterheid nie. En daar word van ons ware godsaligheid vereis.

Die Heilige Gees kies hierdie vermaninge juis so dat dit pas by die sondes van die Kerk. Kyk maar net na onsself – ons pas hier net so goed soos die kerk van Efese.

- Ons dink nie altyd aan die hoogheid van God in alles wat ons doen en sê nie.
- Ons verval dikwels in sondige swaarmoedigheid, en vergeet van die rykdom van God se genade.
- Hoe dikwels verloor ons hoop – tot ons eie beskaming, want die Here versorg ons tog elke keer.

Die sonde waarin ons die heel maklikste verval, is sekerlik dat ons die heiligheid van ons roeping vergeet.

- Ons onthou nie altyd dat ons juis in Christus geroep is om tot eer van God hier te wees nie.
- Ons onthou nie altyd dat die heerlikheid van God in ons hele lewe weerspieël moet wees nie.

Die saak wat hiermee saamhang, is natuurlik ons kerklike lewe. Ons vergeet, of ons ignoreer soms die verhewenheid van die gemeente self.

Dis nie ’n geringe saak om deur God by die kerk gevoeg te wees nie. As ons oor ongeldige verskonings nie voluit met die Here se gemeente ’n eenheid is nie, is die saak wat skade ly, gemeenskap met God.

Dit lyk miskien heeltemal eenvoudig: Dis ’n klompie mense wat kerk hou.

- Maar wat hier werklik gebeur, is dat hier ’n groepie mense saam met die Drie-Enige God bymekaar is.
- Hier waar ons saam diens hou, vertroetel God ons hart.
- Hier vou Hy sy heiligheid en sy teenwoordigheid besonderlik om ons.
- Hy maak ons gewetes wakker, en bekeer ons.
- Ons word versterk.

Onthou ons dit as ons nie kerk toe kom nie?

In die gedeelte wat ons gelees het, bid Paulus vir die kerk.

- As ons baie eerlik wil wees, moet ons erken dat dit God die Heilige Gees is wat hier besig is om vir die kerk te bid.
- Hy sê hierdie woorde vir Paulus voor.

Hierdie gebed is ’n bevestiging van die grootheid van die Here Jesus Christus, en van die heil wat die kerk in Hom ontvang het.

- Die gebed begin plegtig en met bewondering vir God – daar is soveel eerbied en aanbidding vir God se groot wysheid.
- In diepe selfvernedering buig Paulus sy knieë in aanbidding.

Dan volg die volgende vers. Hier skryf die apostel waarom God so aanbiddingswaardig is.

- Hy het aan ons mag gegee na die rykdom van sy heerlikheid.
- Sy heerlikheid is die oomblik toe die mag van God in skitterende heerlikheid geopenbaar is.
    - Dit is die oomblik van die opstanding.
    - Die oomblik toe die satan soos ’n bliksem uit die hemel uitgeval het.

Die opstanding van die Here Jesus Christus het die almag van God in die hemel en op die aarde op ’n baie ondubbelsinnige wyse gedemonstreer.

- Dink daaraan: die Here het ons as kerk mag gegee na die rykdom van sy heerlikheid.
- Prakties beteken dit dat ons geen verskoning het as ons sondig lewe nie – net soos die Efesiërs ook geen verskonings gehad het nie. Ons is met innerlike krag toegerus om alles te oorwin wat die stryd met ons aansê.

Ons het ook die krag om enige versoeking te weerstaan wat hom aan ons opdring.

- Die krag word deur die Heilige Gees in ons gewerk – die Gees werk in die innnerlike mens, so staan dit hier geskryf.
    - Die innerlike mens is die wese van die mens – sy hart, sy siel, sy gees.
- Ons geestelike vermoë word dus vergroot.
- Ons word gedra op die weg van wedergeboorte.

Die innerlike mens staan teenoor die uiterlike mens.

- Die uiterlike mens is die liggaamlike.
- Die sigbare.
- Die sinnelike wat hom agter die sonde aan begeef.

Teenoor die uiterlike staan die innerlike waar die Gees van God werk sodat die swakheid teen die duiwel kan verdwyn.

Die Here Jesus Christus woon ook in ons harte.

> **. . . sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, . . .** (Efesiërs 3:17 AFR1953).

- Die Gees en die Seun en die Vader is tog ’n Eenheid.
- Daarom is dit steeds dieselfde God wat in ons harte woon.
- Die feit dat die Seun, Jesus Christus, en die Heilige Gees afsonderlik genoem word, is net om die geweldige krag van die openbaring en van die genade te beklemtoon soos dit aan ons geopenbaar word.

God woon in ons hart, so staan dit geskryf.

- In ons hart is daar waar die liefde is, en ons wil om God te ken en te dank.
- Hier word nou gebid dat Christus in ons harte mag woon sodat ons die geloof kan hê, en in liefde gegrond en gewortel is.

Prakties bid die apostel dus dat ons nie in die sonde mag struikel en daardeur ons gemeenskap met God wat in ons woon verduister nie.

Die gebed is dat ons besiel moet word met die waarheid.

- Dit is dat ons die lus om God te ken, en die werklike diens aan God, ten volle moet deurleef.
- Die gebed moet ook so vervul word dat ons hierdie heilige vurige liefde vir God teenoor ons naaste kan uitleef.

Kyk net watter beelde gebruik die apostel hier.

- Hy sê ons moet **gewortel** wees.
  - Ons moet soos ’n boom wees wat die lewensappe optrek uit die diepte.
  - Ons moet lewe uit die liefde put, soos wat ’n boom uit die grond lewe.
- En ons moet **gegrond** wees.
  - Dit beteken ons moet ’n fondament hê soos ’n huis.
  - ’n Hoë gebou wat nie omgewaai word of verbrokkel nie omdat sy fondament sterk genoeg is om hom te dra.

Saam beteken hierdie beeld dat ons ’n onwrikbare vastheid en ’n onuitroeibare bestendigheid in die geloof moet openbaar.

Ons lewe moet by die res van die wêreld ’n bewondering wek vir God wat ons so onwankelbaar beskerm en versorg.

Die apostel bid dat hierdie begronding juis moet wees sodat ons die hoogte en diepte van God en sy raadsplan kan begryp.

- Dit is presies wat in vers 19 geskryf staan:

  om die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat ons vervul kan word tot al die volheid van God. (Efesiërs 3:19 AFR1953)

Die liefde van die Here Jesus Christus is dat Hy Hom in lyde en dood oorgegee het ter wille van ons.

- Sy liefde is dat Hy opgestaan het uit die dood, en ons saam met Hom opgewek het.
- Sy liefde is sy Gees wat ons tot wedergeboorte en selfontdekking lei.

- Sy liefde is dat ons nie in ons sondes verdelg word nie, maar teer deur God bearbei en begenadig word.

Daarom, aan die Here Jesus Christus die heerlikheid in die gemeente deur alle geslagte tot in ewigheid.

En ons sê saam met die Heilige Gees: **Amen**

- Want *amen* beteken dat hierdie saak waaragtig is voor God.
- Dis waaragtig so dat die Gees vir ons bid en smeek ter wille van Jesus Christus, ondanks ons oortredinge.

Amen

Slotgebed

Here, almagtige God, laat U heilige Naam nie deur ons gelaster word nie, want ons sondig menigvuldig deurdat ons u heilige Woord nie gehoorsaam nie, deur onwetenheid, ondankbaarheid en voortdurende murmureringe.

Ons weet ook dat ons so u toorn oor ons verwek.

Here, tugtig ons dan reg, sodat ons U in waarheid mag ken.

Om Christus ontwil

Amen

Slotpsalm 105:1 (p. 514)

1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dade in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 1 Augustus 2010